# Hoofstuk 4

# Hou die blink kant bo

### Luister en praat

### Luisterbegrip

### Aktiwiteit 4.1 Bestudeer ’n grafiek

Die bestudering van die staafgrafiek is ’n goeie wegspringplek om die waarde van positiewe kommunikasie vas te lê. Hierdie hoofstuk met sy klem op die positiewe in die lewe konsentreer op kommunikasie. Luister as ander praat. As jy praat, laat dit positiewe woorde wees. En as jy in ’n negatiewe situasie kom, onthou: Jy kan dalk nie jou situasie kies nie, maar jy kan kies hoe jy daarop gaan reageer.

Hou ook taal oor die kurrikulum in gedagte en wys op die verband tussen hierdie grafiek en Wiskunde waar leerders ook met grafieke te doen kry.

Hou ’n groepbespreking oor die grafiek wat aandui watter persentasie van ons tyd daagliks afgestaan word aan die verskillende maniere van kommunikeer.

1. Ons lei af dat ons 70% van ons tyd bedags afstaan aan kommunikasie. Kommunikasie is dus baie belangrik en dis die moeite werd om goed te verstaan wat mense sê.
2. Luister is ’n baie belangrike kommunikasievaardigheid omdat ons daagliks tot 45% daaraan afstaan.
3. Leerders besluit nou in hul groepe hoeveel tyd hulle daagliks aan die verskillende kommunikasieprosesse (luister, skryf, lees en praat) bestee.

Die luisterproses word in die volgende drie fases verdeel:

**Tydens pre-luister** implementeer jy strategieë om die leerders voor te berei vir luister. Hierdie strategieë sluit in: aktivering van agtergrondkennis, maak van voorspellings, verduideliking van moeilike woorde, verklaring van idiome, ens. Hierdie fase behoort nie meer as vyf minute van die les te beslaan nie.

**Tydens luister** word die leerder aangemoedig om te luister vir spesifieke inligting en begrip, om die inhoud die heeltyd krities te ontleed, te evalueer en te waardeer.

**Post-luister** behels die beantwoording van vrae, omskep van inligting in ’n nuwe vorm (bv. diagram of gedig). Die leerder moet ook die luisterteks kan opsom.

**Pre-luister:**
Vra vrae in die klas om uit te vind watter restaurant die leerders se gunstelingeetplek is en wat die restaurant so uniek maak. Berei die leerders voor om te kan beoordeel wanneer bediening goed of swak is. Sluit die pre-luister af met vrae oor die eienskappe waaroor goeie kelners moet beskik.

**Tydens luister:**

Leerders luister twee keer na hierdie dialoog. As hulle die tweede keer luister, mag leerders enkele notas maak. Die vrae kan ook gelees word of dit kan as ’n uitdeelstuk gegee word. Die

vrae word skriftelik beantwoord.

**Aktiwiteit 4.2 Luisteroefening**

***Kaapstad-kelner laat harte warm klop***

*Hierdie dialoog het plaasgevind tussen Vincent Mota, ŉ kelner by Wimpy, Canal Walk in Kaapstad en ŉ klant. Vincent het almal se harte aangeraak met sy hulp aan ŉ gestremde klant.*

KLANT: Vincent, wat ek vandag hier gesien het, het my verstom. Ek het gewonder hoe jy gaan verstaan wat die gestremde klant wou bestel. Maar jy het moeite gedoen om sy bestelling te neem.

VINCENT: Hy is ŉ gereelde klant en ek het hom maar net soos enige ander klant behandel. Ek kon agterkom hy wou ŉ roomys bestel en dit was vir my ŉ plesier om hom te bedien.

KLANT: Toe jy sy roomys gebring het, kon ek sien met hoeveel deernis en liefde jy hom help.

VINCENT: Ja, Meneer. Ray sou sukkel om die roomys vas te hou. Daarom het ek by hom gaan sit, die roomys vir hom vasgehou en seker gemaak dat hy dit geniet. Ek het ook kort-kort sy mond met die servet afgevee.

KLANT: Ek kon sien dat jy dit geniet het om vir Ray te help.

VINCENT: Ek het dit nog altyd geniet om hom te bedien. Ons het heeltyd grappies gemaak. Het u gesien hoe hy my ŉ drukkie gegee het nadat hy sy roomys geëet het?

KLANT: Wel, ek het nog nooit so iets in enige restaurant gesien nie. Ek gaan beslis ’n inskrywing op Wimpy se Facebookblad maak. Hulle moet weet wat vandag hier gebeur het.

VINCENT: Ag, Meneer, ek het maar net my werk gedoen. Gestremde mense is mos nie minder mens nie, of hoe?

4.2.1 Wie is die kelner wat aan hierdie dialoog deelneem? (1) [DV1]
*Vincent Mota*
4.2.2 Waar werk hierdie kelner? (1) [DV1]
*Wimpy, Canal Walk, Kaapstad (net Wimpy ook korrek)*
4.2.3 Wat het die gestremde klant bestel? (1) [DV1]
*’n Roomys*
4.2.4 Hoe weet ons dat die gestremde klant die kelner se hulp waardeer het? (1) [DV3]
*Die kelner het ’n drukkie gekry.*
4.2.5 Hoe wou die klant wat aan hierdie dialoog deelneem seker maak dat meer mense weet wat die kelner gedoen het? (1) [DV3]
*Hy wou die nuus op Wimpy se Facebookblad deel.*
4.2.6 Wat wys die volgende woorde van die kelner vir ons van sy karakter:
a. “Hy is ŉ gereelde klant en ek het hom maar net soos enige ander klant behandel.” (1) [DV3]
*Die kelner maak nie onderskeid wat sy klante betref nie.*
b. “Ek het ook kort-kort sy mond met die servet afgevee.” (1) [DV3]
*Die kelner is sorgsaam/hulpvaardig.*
c. “Ag, Meneer, ek het maar net my werk gedoen.” (1) [DV3]
*Die kelner is nederig.*

4.2.7 Dink na oor die klant (wat deel is van die dialoog) se reaksie op die kelner se goeie diens. Hoe sal jy sy reaksie IN JOU EIE WOORDE beskryf? (1) [DV2]
*Die klant is verstom/verbaas.*
4.2.8 In die opskrif het ons gelees dat die kelner se optrede "almal se harte warm laat klop het." Hoe hou hierdie sin verband met die boodskap van die dialoog en die kelner se persoonlikheid? (2) [DV3]
*Die boodskap is dat hierdie kelner 'n warm of liefdevolle hart het.* ✓
*Almal wat van hierdie daad gehoor het, se harte klop warm/is vol liefde vir Vincent.* ✓
4.2.9 Wat sou jy gedoen het as jy in die restaurant was en gesien het hoe die kelner teenoor hierdie gestremde klant optree?(1)[DV5]
*Ek sou hom gelukgewens het. / Ek sou dadelik die bestuurder daarvan vertel het.*
*(Of iets soortgelyks)*
4.2.10 Dink jy die kelner behoort ekstra vergoed te word vir sy goeie diens? Motiveer jou antwoord. (1) [DV5]
*Ja. Dit moet hom motiveer om sy goeie werk voort te sit./Dit sal verseker dat hy nie deur ander restaurante afgerokkel word nie.* OF *Nee. 'n Mens behoort nie vir goeie dade betaal te word nie.*
4.2.11 Watter les kan ons by die kelner leer? (1) [DV5]
*Wees nederig. / Behandel almal menswaardig. / Doen altyd jou bes ongeag watter tipe werk jy doen. (Of iets soortgelyks)*

## Lees en kyk

*KABV bl. 10, 13, 16, 32, 55*

**Die bou van 'n kortverhaal**

**Aktiwiteit 4.3 Lees 'n kortverhaal**

**Pre-lees:**
Berei die leerders voor vir die verhaal deur die titel te bestudeer. Vra vrae oor die woord "pieng-pong". Leerders moet die konsep verstaan van tafeltennis – hoedat die bal heen en weer geslaan word tussen twee spelers. Laat leerders voorspellings maak oor die inhoud van die verhaal.

**Tydens lees**:
Lees die verhaal hardop vir die leerders voor terwyl hulle in hul boeke volg. Wys gedurig op woordkeuse, taalgebruik, beelde, en ander stylmiddele of stylfigure of vorme van beeldspraak wat die betekenis van die teks beïnvloed.

Bv. Haar pa is dié keer anders.
Let op hoe slegs die beklemtoning van "<u>dié" deur die akuut</u> daarop dui dat dit vorige kere nie die geval was nie; dat Pa vorige kere minder vriendelik was.

Bv. Haar gedagtes woel in haar kop soos die dwarrelwindjie in die Karoo.
Die skrywer skep 'n beeld van 'n dwarrelwindjie (iets wat vinnig in die rondte beweeg) om te pas by Antoinette se gedagtes wat so vinnig deur haar kop flits.

**Post-lees:**
Help die leerders om die teks nou in sy geheel te beskou en te beoordeel. Laat hulle idees uit die teks saamvoeg, idees opsom, verskillende aspekte van die teks vergelyk en kontrasteer, die teks evalueer, gevolgtrekkings maak en hul eie opinies lug. Woordeskatuitbreiding is 'n integrale deel van elke leesoefening.

Bv. Gee die sin: “Jou pa wil hê jy moet so gelukkig in jou kamer wees dat jy vir altyd hier wil bly.”

- Laat leerders soek na die gedeelte waar hierdie wens weer ter sprake kom. Sien bv.
    - Antoinette se kop ruk regop. “Jou pa wil vreeslik graag hê jy moet hier bly.”
    - Jou pa wil regtig hê jy moet hier bly.
    - Hulle beplan om die Maandagoggend vroeg te ry sodat sy haar ma-hulle kan gaan groet en die res van haar goed kan kry.

Bv. Laat leerders Antoinette se eerste dag saam met haar pa en sy nuwe vrou opsom.

- Pa is vriendelik en gesels onderhoudend.
- Pa oorlaai haar met eetgoed.
- Pa raas glad nie as sy mors nie.
- Tannie Michelle is ook vriendelik
- Antoinette is beïndruk met haar nuwe kamer.
- Sy het alles wat haar hart begeer.

Bv. Vra leerders om die begin van die vakansie te vergelyk met die laaste twee dae te vergelyk.

- Antoinette kom agter sy moet in die stad bly.
- Sy wonder of sy haar ma gereeld gaan sien.
- Sy is hartseer.
- Sy beleef konflik.
- Dan kry sy insig in haar probleem en sy neem haar eie besluit.

Bv. Vra leerders of hulle dink Antoinette sal gelukkig wees by haar pa?
Was Antoinette nie ondankbaar na alles wat vir haar gedoen is nie?
Mag ouers namens kinders sulke besluite neem?

Beklemtoon die volgende taalstrukture wat gewoonlik problematies is vir EAT-leerders:
Hy gesels gedurig **met** haar
Dis ȥn lang rit van die Karoodorp af waar sy en haar ma nou **by** Ouma en Oupa bly.
Sy het darem **na** haar vriende in die stad verlang
Ek is bly jy hou **daarvan**
... dink sy terwyl sy aan die slaap **raak**.
As sy kon kies, sou sy gekies het dat haar ma en pa weer **by** mekaar bly.
Ek sal jou nooit **van** jou ma **af** weghou nie.”

Laat leerders dan die vrae skriftelik doen.

**Memorandum**

4.3.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal? (1) [DV1]
*Antoinette*
4.3.2 Noem DRIE dinge wat dit vir die hoofkarakter so lekker maak by haar pa-hulle. (4) [DV2]
*Haar hondjies, haar nuwe kamer, haar rekenaar, haar Play Station*
4.3.3 In watter deel van ons land woon haar ma en oupa-hulle? (1) [DV1]
*In die Karoo*
4.3.4 Kies die korrekte antwoord:
a. Die hoofkarakter se pa en stiefma … haar aan die begin van die verhaal. (1) [DV3]
*B / bederf*
b. Later kom ons agter dat hulle haar met al die bederfgoed wil ... (1) [DV3]
*A / manipuleer*

4.3.5 Waaruit kan jy aflei dat Antoinette se pa onaangenaam was toe hy en haar ma nog saam was? Noem TWEE dinge wat Antoinette in die verhaal sê. (2) [DV3]
*Hy was nie toe so vriendelik/geselserig met haar nie; hy het voorheen met haar geraas as sy in die motor mors; hy het geweier dat die hondjies saam met hulle Karoo toe gaan.*
4.3.6 Hoe het die hoofkarakter verander deur die loop van die verhaal? (1) [DV3]
*Aan die begin is sy onseker; aan die einde weet sy waar sy wil bly.*
4.3.7 Waar, dink jy, het die verandering by die hoofkarakter ingetree? (1) [DV3]
*Toe sy besef sy word as speelbal deur haar ouers gebruik.*
4.3.8 Met watter sportsoort assosieer jy pieng-pong? (1) [DV1]
*tafeltennis*
4.3.9 Waarom, dink jy, is dit so 'n gepaste titel vir die verhaal? (1) [DV5]
*Antoinette se ouers "gooi" haar ook heen en weer.*
4.3.10 Dink jy die hoofkarakter het die regte besluit geneem? Motiveer jou antwoord. (1) [DV4]
*Ja. By haar ma leer sy die regte waardes. OF Nee. Daar is meer geleenthede by haar pa. (Of iets soortgelyks)*
**TOTAAL: 15**

**Aktiwiteit 4.4 Lees 'n gedig**

Onthou die verhaal se hoofdoel is om karakterisering uit te lig. Antoinette is die hoofkarakter en ons konsentreer op hoe sy deur die loop van die verhaal positief groei sodat sy uiteindelik die twee grootmense in die oë kan kyk en sê hoe sy voel en wat sy met haar lewe wil doen. Sy sien hulle manipulasie en sy besluit sy gaan dit nie toelaat nie. Sy kan nie haar situasie kies nie, (geskeide ouers) maar sy kan besluit hoe sy daarop gaan reageer (nie slagoffer bly nie).
Na die lees van die verhaal, kyk ons na die gedig en vergelyk agterna die inhoud, boodskap en tema.

**Lees 'n gedig**

**Pre-lees:**
Maak seker die leerders kan 'n gedig interpreteer. Hulle moet oor die volgende basiese kennis beskik. Verwys leerders na die Letterkunde afdeling van die Opskerpgids (bl.216).

**Tydens lees:**
Let op die volgende dinge:

- Die inhoud is eners: twee ouers wat 'n kind benadeel.
- Die tema is eners: gebroke gesinsverhoudinge
- Die boodskap verskil: Uit die verhaal kan ons 'n positiewe boodskap haal: Jy kan standpunt inneem en beheer van jou situasie neem.
  In die gedig kry ons net die hoofkarakter se gevoelens van magteloosheid.

**Post-lees:**
Assesseer die vrae informeel met die gebruik van die volgende memorandum

**Memorandum**
4.4.1Wie is die spreker in hierdie gedig? 1) [DV1]
*'n kind*
4.4.2 Kies die korrekte antwoord. Wat is die tema van hierdie gediggie? 1) [DV3]
A sport
B gesinsverhoudinge
C geweld
D tienerwees
*B / gesinsverhoudinge*

4.4.3 Watter boodskap wil hierdie gediggie vir grootmense oordra? (1) [DV3]
*Hulle optrede maak kinders dikwels seer.*
4.4.4 Kies uit kolom B die beste opsie wat by die retoriese stylmiddel in Kolom A pas.(4 x 1) [DV2]

| **KOLOM A** | | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 4.4.4.1. | herhaling | A | ’n Ligte hol balletjie, dis nou ek. |
| 4.4.4.2 | metafoor | B | pieng pong stop |
| 4.4.4.3 | alliterasie | C | Heen en weer, Weer en heen |
| 4.4.4.4 | retoriese vraag | D | En ek? |
| | | E | Twee spelers, Pa en Ma |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *4.4.4.1* | *herhaling* | *C* | *Heen en weer*<br>*Weer en heen* |
| *4.4.4.2* | *metafoor* | *A* | *‘n Ligte hol balletjie, dis nou ek.* |
| *4.4.4.3* | *alliterasie* | *B* | *pieng pong stop* |
| *4.4.4.4* | *retoriese vraag* | *D* | *En ek?* |

4.4.5 Watter ironie spreek uit die eerste strofe? (2) [DV3]
*’n Etenstafel moet die plek van samekoms wees✓, maar hier is dit waar die stryery plaasvind.✓*
4.4.6 Lei af wat die spreker bedoel met die balletjie-metafoor in strofe 1? (2) [DV3]
*Die balletjie is leeg en hol, m.a.w. dis hoe die spreker voel. (Dalk leeg gehuil). Kan ook wees dat die spreker voel hy/sy het geen waarde vir die ouers nie; word nie raak gesien nie.*
4.4.7 In strofe 3 pleit die spreker dat die ouers nie die stryery te ver moet voer nie. Motiveer waarom die spreker hiervoor sou pleit en gee voorbeelde. (2) [DV3]
*Die spreker pleit, want dit is die spreker wat in die proses gaan seerkry. ✓Beelde soos “een maal hop” en “Keer dat dit op die grond beland” wil keer teen seerkry.✓*
4.4.8 Dink jy ouers behoort voor hul kinders te baklei? Motiveer. (1) [DV4]
*Nee. Dit kan kinders ontstel/laat skuldig voel.*
*Ja. Gesinne moenie geheime vir mekaar hou nie.*
4.4.9 Vergelyk die verhaal en die gedig. Watter een het jy die meeste geniet? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1) [DV5]
*Byvoorbeeld: Die verhaal: Daar is meer detail. OF: Die gedig: Dis lekker kort en lees makliker.*

TOTAAL: 15

**Aktiwiteit 4.5 Skryf ’n verhalende opstel**
*KABV bl. 10, 14, 36, 41, 47, 55*

Gee vir die leerders die volgende kontrolelys om hulle te help met redigering.

| Ek het… | JA | NEE |
|---|---|---|
| ’n wye verskeidenheid woorde gebruik. | | |
| die verskillende woordsoorte reg gebruik. | | |
| nie sleng gebruik nie. | | |
| die woorde reg gespel. | | |
| enkelvoudige sowel as saamgestelde sinne in my opstel gebruik. | | |
| voegwoorde korrek gebruik. | | |
| byvoeglike en bywoordelike bepalings reg gebruik. | | |
| in die eerste- of derdepersoon geskryf en in die verlede tyd geskryf. | | |
| seker gemaak die gebeure in my verhaal volg logies op mekaar. | | |
| woorde gebruik wat gebeure in tyd aandui, bv. vroeg die oggend of later, ens. | | |
| dialoog gebruik. | | |
| seker gemaak al die beskrywende woorde en beelde boei my leser. | | |
| my opstel se struktuur goed beplan: Daar is ’n inleiding, die “lyf” (ander paragrawe) bou op tot ’n klimaks en die slotparagraaf som die verhaal se boodskap (dit wat ek wou sê) mooi op. | | |

Die kontrolelys mag gekopieer word.

## Taalstrukture en -konvensies

### Direkte en indirekte rede

*KABV bl. 15, 50, 55*

Maak seker dat leerders die leestekens by die direkte rede in die leerdersboek onder die knie het. Verwys leerders na die Taalafdeling van die Opskerpgids. Laat hulle dan hierdie taaloefeninge op hul eie doen voordat dit in die klas nagesien word. Assesseer hulle antwoorde informeel met die volgende memorandum.

**Aktiwiteit 4.6 Taal-in-konteks oefeninge**
**Memorandum**
4.6.1 Tannie Michelle vra vir Antoinette of sy van haar kamer hou.
4.6.2 Tannie Michelle sê vir Antoinette dat haar pa wil hê sy moet so gelukkig in haar kamer wees dat sy vir altyd daar wil bly.
4.6.3 Antoinette bedank (vir) tannie Michelle.
4.6.4 Tannie Michelle vra of Antoinette se oupa haar slaan.
4.6.5 Antoinette se pa sê dat hy haar nooit van haar ma af sal weghou nie.
4.6.6 Antoinette vra: “Gaan ek volgende vakansie na Mamma toe?”
4.6.7 Antoinette sê: “Ek wil met die honde gaan speel.”
4.6.8 Tannie Michelle vra: “Antoinette, wil jy nie sommer jou skoolklere aanpas nie?”
4.6.9 Antoinette raas met haar honde: “Julle is stout!”
4.6.10 Antoinette vra: “Pa, kan ons asseblief môre ry?” TOTAAL: 10

## Taalstrukture en -konvensies

**Woordeboekgebruik**
*KABV bl. 34,55*

**Aktiwiteit 4.7 Woordeboekgebruik**
4.7.1 Die Engelse woord vir *bederf* is **spoil** (1)
4.7.2 In die sin hierbo word *bederf* as ŉ **werkwoord** gebruik.(1)
4.7.3 Antoinette word *bederf*. Sy is dus ŉ **bedorwe** kind. (1)
4.7.4 bedorwe (1)
4.7.5 My pa bederf my. (1) TOTAAL: 5

**Taalstrukture en -konvensies**
*KABV bl. 48, 49, 55*

**Aktiwiteit 4.8 Woordsoorte**
4.8.1
a. Ans; Sarel; Georgie; Mikey; Karoo; Antoinette (6)
b. ’n; die (2)
c. twee (1)
d. eerste (1)
e. paar (1)
4.8.2 beddegoed (1)
4.8.3 benoudheid (1)
4.8.4
a. maar (1)
b. na/in (1) TOTAAL: 15